

14 Mei

Skrifgedeelte: Psalm 132

Fokusgedeelte: Psalm 132:16(b)

Juig oor "God by ons"

Die opgewondenheid en feestelikheid van hierdie psalm is aanvoelbaar. Probeer jouself net vir 'n oomblik indink: jy's 'n pelgrim op pad na Jerusalem. Dáár is die berg Sion en die tempel van die Here. Dáár gaan jy God ontmoet. Dáár gaan jy in sy teenwoordigheid kom. Dáár is dit God by ons!

Hierdie vooruitsig laat die psalmdigter singend vertel hoe God vir Dawid as 'n instrument gebruik het om self tussen sy mense te kom woon. Dawid het hierdie groot hartsbegeerte gehad: 'n woonplek vir God by sy volk (vs 5). Daarom doen hy alles in sy vermoë om die verbondsark (simbool van God se teenwoordigheid) in Jerusalem, by die Sionsberg te kry. Aan hierdie begeerte en ywer van Dawid dink die psalmdigter nou terug in vers 1-10. Daarmee saam dink hy ook aan God se belofte. God het geantwoord op hierdie hartsbegeerte van Dawid en Homself verbind aan Sion, aan die plek waar sy verbondsark gestaan het (11-18).

Ons weet vandag dat dit waarna hierdie digter so uitsien en waaroor hy so opgewonde raak, net 'n skadubeeld was van God se eintlike plan. Wat Dawid ten dele kom doen het vir Israel, naamlik om God by hulle te laat woon, het Jesus Christus, die Seun van Dawid, volkome kom doen. Vir die gelowige is God is nie meer "daar" nie. Hy is hier. So naby as my binnekamer, my etenstafel, my sitkamer saam met medegelowiges, 'n erediens, my toe oë by my werkslessenaar of by die skool. Nog nader: Hy is in my deur sy Gees. Dit laat God se troue dienaars juig (vs 16)!

Het dit vir ons te maklik geword om God te ontmoet, of is God se teenwoordigheid net nie meer iets waaroor ons vandag opgewonde raak nie? Is dit dalk waarom ek en jy nie vanoggend met opgewondenheid die Woord en Almanak opgetel het nie? Het dit vir ons net 'n gewoonte geraak?

Die digter juig oor Dawid se moeite om 'n ontmoeting met God moontlik te maak. Hoeveel te meer het ons nie rede om te juig oor Jesus Christus se absolute selfoorgawe om elke stilword-oomblik saam met God moontlik te maak nie? Mag die sekerheid van "God by ons" jou en my vandag opnuut laat juig.

Sing: Skrifbelyning 5-3:1, 2

Ds TF Dreyer (Randburg)